Jesus Van Násaret Gaan Verby


2 Laat ons bid voor ons gaan sit, as julle sal. Buig ons hoofde. Dierbare God, ons kom weer na U toe met ’n dankbare hart om aan U die gevoel en aanbidding uit te druk wat ons vir U het. En ons wil U vra vanaand dat—dat U elke sonde en oortreding sal vergewe wat ons vandag gedoen het, of enige tyd in ons lewe, wat teenstrydig was met U Goddelike wil.

3 En as daar enigiets sou wees wat U sou verhinder om die siekes te genees en die verlorenes te red, sou ons U vra om ons te vergewe, en ons onder U sorg te neem net op hierdie tyd, en te beweeg in ons met groot krag, en mag groot tekens en wonders vanaand gedoen word. En hierdeur, mag dit ’n outydse herlewing laat begin in hierdie stad en rondom en deur die staat. Skenk dit, Here. En mag sondaars gered word en—en siek mense genees word tot U eer.

4 Nou, seën beide prediker en luisteraar vanaand, reinig die woorde wat sal uitgaan, en die ore wat sal hoor, en die harte wat sal glo. Want ons vra dit, in die Naam van U Seun, Jesus. Amen.

5 Julle mag maar sit. Dit is ’n groot voorreg vir my om weer terug te wees hier vanaand, om met julle te praat oor hierdie wonderlike, wonderbare Here Jesus. En dit is ’n bietjie sleg dat ons net na hierdie diens moet vertrek en net die twee aande sal hê, want ek is baie bewus dat hierdie stad, saam met die ander stede, dat twee aande nie genoeg is om die program oor te bring na die mense nie. En daarom sou dit ’n tyd neem waar sommige genees is wat kon uitgaan en getuig aan ander en ander vertel, en ander ander vertel, en dis hoe dit sou gaan.

6 Maar dit was ’n voorreg vir ons om in hierdie wonderlike stad, die hoofstad van hierdie lieflike staat, te wees. Ons het vanmôre gery, net om rond te kyk, en dit is ’n pragtige landstreek, ons waardeer beslis hierdie landstreek. En soos ek gisteraand gesê het, dit hou baie herinneringe in vir my aan hierdie New Hampshire, bo in die noorde, hierdie is my eerste keer in hierdie deel.

7 Bo in noordelike New Hampshire waar ek altyd gejag het, saam met ’n paar van my goeie vriende, Harry B. Call. Ek wonder of Harry hier is vanaand. As jy is, Bert, sal jy jou hand opsteek? Ek sou beslis jou hand wou skud. [’n Broer sê: “Hy’s aan die agterkant.”—Red.] Aan die agterkant. Goed, ek sien. Bert, ek is beslis bly om jou weer te sien, en daar, my seun is agter in die gebou, en ek wil hê jy moet hom sien net voor ons vertrek.

8 Het jy gisteraand ingekom, Bert? Hierdie is jou eerste aand. Wel, ons is beslis bly om hom hier te sien. Dit was 'n geruime tyd sedert ek vir Bert gesien het, baie jare. En ons het baie pret saam gehad bo in die noordelike woude hier, gejag toe ek net 'n seun was, en dit is kosbare herinneringe. En die Mnr. Lowe, ek onthou 'n bejaarde man bo by die plek met die naam van Randolph, en hoeveel keer dat ons oor daardie berge gestap het jare gelede, ek sal dit nooit vergeet nie. So, dit is baie groot skatte en herinneringe.

9 En vanaand, as die afsluiting van die diens en ons verwag dat God ons sal ontmoet met Sy genade en krag, om die siekes en beproefdes te genees, en om diegene te red wat gered wil word.

10 Nou, ons gaan net vinnig deur die land, net aand, twee aande. Die langste wat ons gebly het, was in Bangor. Het ek dit reg gesê? Bangor, Maine. My suidelike uitdrukkings is nie te goed hierbo nie. En ek is baie stadig, en party van julle Yankees praat net so vinnig, ek kan nie byhou by julle nie, ek's bang ek sal omgery word.

11 Ek—ek het gesê buite op die straat, dit—dit was net die, net twee klasse mense wat hier bly, en dit was die vinniges en die dooies. Op die manier wat hulle ry, sterf hulle vinnig.

12 Billy, beweeg in na die regterkant, en my vriend Harry Call wat net *daar* sit. Ek wil hê jy moet hom ontmoet, sodat ek bietjie sy hand kan skud net na die diens.

13 En so is ons bly om hier te wees vir hierdie tydjie. Nou, by Bangor het ons so 'n wonderlike diens gehad. Omtrent sesuur sou hulle die deure moes sluit om die mense weg te hou, die ouditorium het net omtrent vyftienhonderd gehuisves, of so-iets.

14 En hierdie, ek begin nou net na hierdie dienste hier, gaan ek na Texas, en dan weer op na Carolina, en dan van daar af, weer terug na Afrika. En, o, ek . . . Net nog 'n toer, wat omtrent vyf keer om is vir my, en ek vertrou dat die Here ons groot dienste sal gee, en ons sal julle gebede vir ons verwag soos ons gaan, en God om die uitermatige oorvloedige vir ons daar te doen.

15 Die laaste keer wat ons in Durban was, was ek daar vir drie dae, en met die middagdiens, het ek 'n—'n altaar-oproep gemaak onmiddellik nadat 'n kreupel man, wat so verskriklik kreupel was, totdat hy op sy hande en voete moes loop net soos 'n hond, het 'n ketting om sy nek gehad, nie eers by sy volle verstand nie, en voor omtrent 'n honderd-en-vyftigduisend inboorling, kombers-heidene daar, behalwe die witmense, toe daardie man opgestaan het, was hy by sy volle verstand, eerste keer wat hy ooit opgestaan het in sy hele lewe, en daar was dertigduisend rou heidene, wat kombers-inboorlinge is, wat hulle afgode op die grond gebreek het, Jesus Christus as persoonlike Verlosser aangeneem het op een slag.

16 Nou, en daardie volgende oggend het ek in my hotelkamer gestaan, en die burgemeester van die stad, Sidney Smith, het gekom, en hy het gesê: "Broer Branham, skuif gou die venster op en luister in die straat."

17 En ek het gekyk en in die straat het afgekom, en daar het sewe groot beestrokke vol ou krukke, en kieries, en rolstoele, afgekom, en omtrent 'n myl ver agter hulle van mense wat daardie dag tevore in hulle gesit het, wat agter hierdie plekke geloop en sing het: "Alles is moontlik, glo net," in hulle moedertaal. Dit wys net dat Christus die antwoord is, Hy is die Een Wat die antwoord gee.

18 Nou, voor ons hierdie Woord oopmaak, die Bybel . . . Wat ons glo, uitdruklik, die Waarheid van Almagtige God is, nou, dit mag miskien net 'n bietjie teenstrydig wees, met wat jy in die kerk geleer is. Maar nou, daar's iewers iets verkeerd, omdat Jesus ons opdrag gegee het om in die hele wêreld in te gaan en dissipels te maak in alle nasies, en dat sodra dit gedoen is, dat Hy sou terugkeer.

19 Weet julle Christendom is in die derde plek vandag in getalle? En daar's ten minste miljoene mense wat nog nooit die Naam van die Here Jesus gehoor het nie. En Mohammedane is drie teen een, teenoor Christendom; Boeddha, o, ek weet net nie hoe ver dit Christendom oortref nie. Dis alles omdat iets verkeerd gegaan het.

20 Ek glo dat ons gegaan en mense geleerdheid gegee het, wat goed is, niks daarteen nie, en kerke gebou het, denominasies, organisasies, en daarin het ons 'n lyn getrek van 'n sekere broederskap, soos die Baptis, Metodis, Presbiteriaan, Lutherane, Pinksters, almal soos daardie, en klein skeidslyne getrek wat dit geskei het. As ons daarvan sou vergeet het, en net in die krag van die Gees van God ingegaan het, met 'n broederlike liefde vir alle mense! "Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, wanneer julle liefde vir mekaar het."

21 Nou, in die geloof dat *Hierdie* God se Woord is, wil ek net graag 'n teksie neem, soos ek gisteraand verduidelik het. Voor ons dit doen, laat ons net weer 'n oomblik met die Outeur praat, met ons hoofde gebuig.

22 Here God, ek is so dankbaar teenoor U vir hierdie groot voorreg om in staat te wees om U Woord te lees, en te praat, en om ons harte te verneder voor U vir die werking van die Heilige Gees. Skenk nou aan ons, Here, U Woord. Spreek iets wat gelowiges sal aanmoedig om te glo. Want ons vra dit, in Jesus Christus' Naam. Amen.

23 Oorkant in die Boek van Lukas net vir 'n klein Skriflesing vir 'n konteks vanaand, wil ek graag lees in die—in die 18de hoofstuk en die 37ste vers.

En hulle sê vir *hom, Jesus van Násaret* gaan *verby.*

En hy het uitgeroep en gesê, Jesus, seun van Dawid, wees my barmhartig.

24 Julle sê: "Dis 'n baie klein Skriflesinkie, Mnr. Branham, om 'n groep mense soos hierdie te akkommodeer vanaand in jou laaste aand in die stad."

25 Julle sien, dit is 'n klein Skriflesinkie, maar dit is nie hoe klein dit is nie, dis hoe waardevol dit is, die waarde word nie op kwantiteit gelê nie, maar kwaliteit; net 'n klein bietjie.

26 Maar 'n tyd gelede in die stad van Louisville, Kentucky, net oorkant ons stadjie, het ek 'n klein seunsvriendjie daar oorkant gehad wat rondgesoek het in 'n ou solder eendag, en hy het 'n—'n ou trommel gevind. En hy het deur hierdie sekere trommel gekyk, en hy het 'n ou, geel posseëltjie gekry van omtrent 'n half-duim groot. En hy het gedink dit was 'n groot ding, dat hy in staat kon wees om vyf sent daarvoor te kry, dat hy vir hom 'n roomys sou gaan kry. So hy haas in die straat af na 'n seëlversamelaar, en hy het gesê: "Meneer, hoeveel sal jy vir my gee vir hierdie seël?"

En die versamelaar het dadelik sy vergrootglas geneem en daarna gekyk, hy het gesê: "Ek sal vir jou 'n dollar gee vir daardie seël."

Hy het gesê: "Jy het dit gekoop." En hy het die seël vir een dollar aan hom verkoop.

27 Natuurlik het die seuntjie met, met roomys in sy gedagte, in die straat afgehardloop om sy roomys te gaan koop. Binne omtrent drie weke het daardie man daardie seël vir vyfhonderd dollar verkoop, is later verkoop vir vyf-en-twintighonderd dollar, en die laaste wat ek gehoor het van daardie seël, is dit 'n kwartmiljoen dollar werd.

28 Julle sien, die klein, geel stukkie papier, dit was nie die waarde van die papier nie, dit was, die waarde was wat op die papier geskryf was. En dis wat hierdie Skriflesinkie vanaand is, dit is nie hoeveel dit is nie, dis wat dit is wat daarop geskryf is. Die papier is gewone papier wat julle hier in julle meule maak, maar dit wat daarop geskryf is, is die onfeilbare Woord van die onsterflike God.

29 En geen mens is meer werd as sy woord nie. As ek nie jou woord kan vat nie, dan sal ek niks met jou te doen wil hê nie; as jy nie my woord kan vat nie, kan jy my nie vertrou nie. So dis hoe dit is met God, as Hy 'n belofte gemaak het, moet Hy daardie belofte hou, as hy nie daardie belofte hou nie, dan is Hy nie God nie.

30 En as 'n sekere krisis ontstaan, en God reageer op daardie krisis, dan moet Hy dieselfde reageer die tweede keer wat Hy reageer, of Hy het verkeerd reageer toe Hy die eerste keer reageer het. As iemand siek was, en God is geraadpleeg, en God het daardie persoon genees, dan met die tweede keer wat iemand siek

word, en God word geraadpleeg, moet Hy die tweede keer genees, of Hy het verkeerd gedoen toe Hy die eerste keer gereageer het, want God is oneindig.

31 Ons is eindig, ons raak slimmer, soos . . . en ons geslagte word slimmer en meer intelligent, ons wetenskaplike beweeg aan, maar God, as oneindig, moet Hy die heeltyd volmaak wees. Hy kan nie slimmer word of kan nie enige van Sy intelligensie verloor nie, Hy moet dieselfde bly.

32 Dis waar ons vertroue plegtig kan rus, op wat Hy sê die waarheid is, as dit nie is nie, dan kan ek—ek Hom nie glo nie. En as hierdie Bybel nie . . . As die beloftes wat Hy in hierdie Bybel gemaak het, nie waar is nie, dan is dit nie die Bybel nie, of is daar geen God nie; maar as die Bybelbeloftes waar is, en God daardie beloftes bevestig, dan is Hy God van die Bybel, wat Sy Woord is, net so duidelik soos dit kan wees.

33 Nou, ons toneel maak oop vanaand, en ek wil dit net soos 'n dramatjie vertel, sodat ons nie baie tyd sal hê om te vertoef nie, omdat ons in die ry wil inkom. Gewoonlik in die groot dienste, praat Dr. Vayle, en ek kom net in vir die genesingsdienste om vir die siekes te bid.

34 Nou, laat dit baie seker wees in elke persoon se hart, ek kan nie enige persoon genees nie, en daar is geen ander mens op aarde wat 'n persoon kan genees nie, God is die enigste Geneser wat daar is. Daar is nie een druppel medisyne wat ooit uitgevind is wat 'n persoon kan genees nie. Dokters maak nie aanspraak om genesers te wees nie.

35 Daar is 'n onderhoud met my gevoer deur Mayo Broers, en baie van die groot sanatoriums, ensovoorts, van die wêreld, en ek het nog nooit een keer gehoor, dat enige regte, werklike dokter ooit gesê het hy kan genees nie. Hy kan nie genees nie, God is die Geneser. Genesing is die vermeerdering van selle, wat 'n skepping is, skepping kan net van God af kom. Nou, ons diskrediteer nie ons dokters met hulle medisyne en met hulle goeie hospitale nie.

36 Maar kyk, ons lewe in die dag wanneer ons die beste hospitale het wat ons ooit gehad het, die beste dokters wat ons ooit gehad het, die beste medisyne waarmee ons ooit gepraktiseer het, en meer siekte as wat ons ooit gehad het. Ons het meer sonde en ongeloof as wat ons ooit gehad het. Sien?

37 Psalms 103:3, het God gesê: "Ek is die Here Wat al jou krankhede genees." Wel, nou as Hy *al* gesê het, dan het Hy nie net 'n *gedeelte* bedoel nie.

38 Byvoorbeeld soos hierdie: Wat as jy 'n motor se slinger gedraai het en jy jou arm gebreek het, en jy het in die dokter se spreekkamer ingehardloop, gesê: "Dok, genees my arm sommer gou, ek moet my motor se slinger draai"?

Hy sou sê: "Jy het verstandelike genesing nodig." Wel, dis reg. Sien? Hy kan jou arm spalk, maar God moet genees, dis so eenvoudig.

39 Wat as ek my hand sny vanaand met 'n mes? En, ons het nie genoeg medisyne in die hele wêreld om daardie messny te genees nie.

40 "O," sê jy: "Broer Branham!"

Dis waar. 'n Medisyne wat 'n sny in my hand sou genees, sou 'n sny in my jas genees, dit sou 'n sny op hierdie lessenaar genees.

Jy sê: "Dit is gemaak vir jou liggaam, Mnr. Branham, nie vir jou—jou jas en die lessenaar nie."

41 Goed, dan as ek hierdie messny in my hand kry en ek val dood neer, en hulle neem my uit na die ondernemer se plek toe, en daar balsem hulle my liggaam met 'n vloeistof wat my natuurlik laat lyk vir vyftig jaar, elke dag kom gee hulle my penisillien, hulle gee my sulfamiddel, en hulle werk die plek toe, sit al die salf en Merthiolate ensovoorts op, wat op die plek gesit kan word, vyftig jaar van vandag af sal die sny net presies lyk soos dit was toe ek dit gesny het. Dan as dit die menslike liggaam genees, waarom genees dit nie?

"O," sê jy: "die lewe het uit jou uitgegaan."

42 Dis reg. Wat is dan die genesing, medisyne of lewe? Lewe is die geneser. Sê jy vir my wat lewe is, dan kan ek vir jou sê Wie God is, want Hy is Ewige Lewe. So, Hy is die enigste Geneser.

43 Nou, medisyne, die dokter verwyder die blindederm as jy blindedermontsteking het, goeie ding vir 'n dokter om dit te beweeg, as jy 'n gewas het, laat hom dit uithaal, maar God moet genees waar hy gesny het. Hy het niks om dit te genees nie, so hy kan 'n—'n voorwerp verwyder, maar hy kan nie genees waar dit was nie, so dit kos, God is die Geneser.

44 En jy sou sê: "Wel dan, Broer Branham, wat van penisillien wanneer jy 'n swaar verkoue het?"

45 Dis ietwat soos, wat as jy 'n huis vol rotte gehad het en gate gevreet het deur die mure, en jy het gegaan en 'n bietjie rotgif gekry, die rotte vergiftig? Dit lap nie die gate nie, dit maak net die rotte dood. So, dis hoe dit is met genesing. Sien? Penisillien maak die kiem dood, maar God moet opbou waar dit was. Sien? God is die Geneser elke keer, God is die Geneser. So, God doen die genesing.

46 En Hy het dit alreeds vir jou gedoen in die versoening, toe Hy gesterf het op Gólgota, Jesus Christus, daar het Hy jou verlossing en jou genesing gekoop. En die enigste ding wat jy kan doen, is om na Hom te kyk en dit te glo, net soos jy doen wanneer jy gered word van jou sondes, want: "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor; deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."

47 In ons toneel vanaand, is dit by Jerigo, ver onder Jerusalem. En in hierdie groot stad, wat eenmaal daar gestaan het as 'n herdenking van een van die groot plekke van die volk, ons vind dat daar, soos ons kyk, 'n klein, verslete bedelaartjie is wat langs die vuilgoed om die mure strompel, die ou hope. En ons sou sê dit was 'n pragtige dag. En hierdie kêreltjie, sy naam is Bartiméüs, en hy's blind. Ons word geleer dat hy blind was vir baie, baie jare. En hy vind sy pad om, om by die poorte te probeer kom, want dis deur die poorte waar baie van die besigheidsmense, die handelaars, ensovoorts, in en uit kom.

48 In daardie dae, was daar baie bedelaars, melaatses, en wanneer 'n man na sy werk toe gegaan het in die oggend en hy het 'n paar ekstra muntstukke gehad, miskien 'n sekere bedelaar wat hom eerste ontmoet het, het hy vir hom die muntstuk gegee, en dan was dit soveel as wat hy kon bekostig vir daardie dag, hy moes miskien wag vir 'n ander dag. Wel, dit het gemaak . . . Bedel was 'n slegte besigheid, en baiekeer het hulle honger gely en niks gehad nie.

49 En laat ons dink dat vanmôre, dat blinde Bartiméüs, ons onderwerp, langs die stadspoorte was, of, die stad se strate, en hy het 'n bietjie laat opgestaan, en so het die res van die bedelaars hom voorgespring. So, hy gaan by die poort uit en kry daar vir hom 'n plek om te sit. En net binne 'n paar minute na hy daar gesit het, soort van 'n bietjie koud, en hy in die skaduwee van die muur van een of ander gebou gekom het, kan ons 'n geklik van 'n klein donkie se pote in die pad hoor afkom.

50 En soos hy nader beweeg, hoor hy hierdie donkie nader kom, en hy staan op en hardloop uit, en het gesê: "Wees my genadig! Ek's blind en ek het 'n familie om voor te sorg. Wees genadig!"

En 'n yslike groot, donker slaaf loop na hom toe, gesê: "Uit die pad uit!"

En hierdie kêrel (Hy het gesê: "Wees genadig!"), wat op die donkie gery het, het uitgeroep na hom om genade.

51 En hy het gesê: "Meneer, uit my pad uit! Ek's die dienskneg van die Here, en ek's op my pad onder na Jérigo toe, daar gaan 'n fanatiese profeet in daardie stad inkom vandag, en die predikersvereniging het my geroep. En ek's een van hulle distrikspresbiters, so ek moet daar wees vir 'n vergadering, ek het nie tyd om muntstukke vir bedelaars te gee nie." As dit nie net omtrent die gesindheid is van 'n moderne Amerikaners nie!

52 Wat as dit jy was wat daar blind gesit het? En dan nie net dit nie, maar party mense wat hulleself Christene noem, dis so maklik om iemand soos daardie te verwerp wat uitroep om genade. Moet dit nooit doen nie. Doen altyd die beste wat jy kan vir 'n arme broer wat sulke teenspoed soos daardie gehad het.

53 En hy, sien hom nou soos hy teruggaan, en hy voel rond, en hy kry 'n klip en gaan sit en hy begin dink. Laat ons sy gedagtes volg

vir ’n paar minute. Hy dink nou, hy beweeg oor na die sonskyn waar dit warm is. O, ek kan my net voorstel! Hou jy nie daarvan om te gaan sit waar dit lekker en warm is om dinge te oordink, net te sit en dagdroom nie?

54 Baiekeer bo in die berge, gaan ek ver bo die bome op wanneer ek in Amerika jag, en daarbo, en dit sal so koud wees, en dan net iewers gaan sit waar die wind nie waai nie en net aan dinge dink.

55 Ek glo God lewe in die natuur, Hy lewe in Sy diere. Hier ’n paar jaar gelede, vier of vyf jaar gelede, het ek elande gejag ver bo in die Rotsgebergtes, daaragter op die plaas, en daar was niemand binne, ek dink, vyf-en-dertig of veertig myl, behalwe net die boer, die een wat die plaas bestuur, en myself nie, en hy’s ’n goeie jagter. En so, het ons hoog opgegaan, want die herfs was vroeg, en die sneeu het nog nie gekom om die—die elande ondertoe te jaag nie. En so het hy gesê: “Billy, vat jy jou pakperd en gaan regs, ek sal oorkant toe gaan, gaan jy na die oosvurk toe, ek sal na die wesvurk toe gaan, en ons sal binne omtrent drie dae weer daar oorkant op die verbindingskloof ontmoet.

Ek het gesê: “Dit sal reg wees, Jeff.”

56 So ons het vertrek. Op my tweede dag, het ek naby gekom aan wat Corral Peaks genoem word, waar ek beeste daar ingejaag het vandat ek ’n seuntjie was. En ons was. . . Ek was amper by die rand van die bome, en soos ek aangeloop het, het daar ’n storm opgekom, ’n reën, en ek het agter ’n boom ingehardloop, net soort van gewag tot die storm verby was, en daar was ’n windval daar. En na die storm verby is. . . Dit sou ’n tydjie reën, dan ’n bietjie sneeu, en dan sal die son uitkom, storms wat kom in die herfs van die jaar. Dit was nog ’n bietjie vroeg om die elande ondertoe te jaag.

57 So terwyl ek hieragter gestaan het, het die storm verbygegaan. En na die storm verby was, het die son uitgeloer soos dit gesak het, gekyk deur die skeure van die rotse, en dit het koud geword, en die water het die immergroen bome gevries, en daar het ’n reënboog oor die—die vallei gekom. En ek het agter hierdie sekere boom uitgeloop, en ek het gekyk, en ek het gedink: “Goeiste, daar’s God in daardie reënboog, want Hy het ’n belofte gemaak.” Gaan net alleen uit een of ander tyd en dink daaroor, kyk hoe naby God aan jou kan kom.

58 En terwyl ek daar gesit het, of daar gestaan het, liewer, het ek ’n ou mannetjie eland hoor beuel blaas, en hy het afgedwaal van die trop af tydens die storm. En ’n ou grys wolf het bo-op die berg gehuil, en sy maat het hom onder in die vallei geantwoord. Soos Dawid gesê het: “Wanneer die diepte roep na die diepte!”

59 My moeder is ’n half-Indiaan, en my bekering het dit nooit uit my uitgehaal nie. O, daar’s iets egs daaraan wanneer jy in die natuur uitkom! En terwyl ek daar gestaan het, het ek my hande in die lug opgesteek, en ek het gesê: “O Groot Skepper, Wat die

Hemele en die aarde gemaak het, hoe groot is U om my hier te laat wees! Waarom kan ek nie altyd hier bly nie? Laat my net hier bly, want," het ek gesê: "hiervoor is ek gebore."

60 Ek het amper gevoel, reken ek, net soos die apostels het by die Berg van Verheerliking, gesê het: "Laat ons drie tabernakels bou." Maar aan die onderkant van die berg, natuurlik, is die siekes en die behoeftiges.

61 En terwyl ek daaraan gedink het, het ek 'n ou denne-eekhorinkie opgelet, hy het op 'n klein ou omgewaaide takkie daar gespring, en hy het met die vreeslikste geraas begin wat jy ooit gehoor het: "*Babbel*, *babbel*, *babbel! Babbel*, *babbel*, *babbel!*"

"Wel," het ek gedink: "God, waarom sou U my aandag van U aftrek om my daardie ou eekhorinkie te laat oplet?"

62 En, o, hy het op-en-af gespring asof hy alles in die woude wou doodmaak. En hy's net geraas, daar's niks aan hom nie. En terwyl hy daar rondgespring het, het ek—ek gesê: "Prys die Here," met my hande op. En ek reken as hulle iemand in die woude sou gehad het, sou hulle gedink het hulle het 'n maniak daarbuite, maar ek het nie omgegee nie, ek het die God aanbid Wat daardie hemele en aarde gemaak het.

63 En ek het net hierdie ou eekhorinkie dopgehou, ek het gedink: "Hoekom het Hy my aandag getrek? Wat sou goddelik wees aan daardie outjie?" En ek het opgelet hy was nie so bang vir my nie, maar hy sou sy ogie optrek, afkyk. En ek het gedink: "Wat makeer?"

64 En die storm het 'n groot arend afforseer in daardie rommel van die windval; die groot arend het op 'n tak gespring. Wel, ek het nooit te veel respek gehad vir 'n arend nie, maar ek het gedink: "God, hoe sou U ooit daardie arend nou voor my bring?" En ek het opgelet dat hy nie bang was vir die denne-eekhorinkie, of vir my nie.

65 En die eekhorinkie het net op hom geskel. En ek het gedink: "Wel, dis goddelik, want hy's nie bang nie." God wil nie enigiemand hê wat bang is om te getuig of iets van Hom te sê nie. Jy is 'n swak voorbeeld van 'n Christen as jy skaam is vir die God Wat jou gered het, Wat jou gemaak het.

66 En hierdie arend was nie bang nie, en ek het gedink: "Wat . . . ? Waarom is dit dat jy nie bang is nie?" Ek het begin oplet hy sou sy vere neem en sy vlerke voel, of hulle in 'n vlieënde toestand was. En toe het ek gedink: "God, as U daardie arend genoeg vertroue in sy vlerke gee om te weet dat hy van my af kan wegkom, hoeveel te meer behoort 'n kerk of 'n persoon nie, solank ons weet die Heilige Gees is by ons nie? Hoeveel te meer kan die Gees van God ons verlos, as wat die arend verlos sal word deur sy natuurlike vlerke?"

67 Wat 'n lafaard is ons om Christelikheid te probeer bely, en skaam om daarby te staan! God se belofte waar is, dan is dit waar.

68 En ek het hom opgelet, en hy het nie gelyk asof ek hom soveel onderbreek het nie, so ek het gesê: "Weet jy ek kan jou skiet?" Daardie yslike groot grys oë het na my gekyk. En hy het geweet ek gaan hom nie skiet nie. En ek het my hand uitgesteek na my geweer, hy het sy vlerke 'n bietjie geklap en na my gekyk, en hy het opgekyk soos *daardie*. Hy het geweet dat daardie vlerke hom in daardie bome kon inneem, voor ek die geweer in my hand kry.

69 Ek het gedink: "O God, U is waarlik oral. U is in daardie voël, U is in daardie reënboog, U is in die wolf, U is in die eland, U is oral!"

70 En ek het hom opgelet, en naderhand het hy genoeg gehad van daardie "*Babbel*, *babbel*, *babbel!*" en hy het net 'n yslike groot sprong gemaak en sy vlerke omtrent twee keer geklap, en toe het ek iets sien gebeur wat 'n les vir ons almal sou wees: Hy het nooit heen-en-weer probeer klap, en klap, en klap, en klap nie, hy het net geweet hoe om sy vlerke te stel, en elke keer wat die wind sou opkom teen daardie berg, sou hy net hoër, hoër, hoër ry, totdat hy net 'n klein kolletjie geword het.

71 En ek het daar staan en huil, want ek het gedink: "Dis reg, God. Dit is nie aansluit by die Metodis, dit dan verlaat, en aansluit by die Baptiste, en dit verlaat, en na die Presbiteriane, of die Pinksters toe gaan nie, dit is om te weet hoe om jou geloof in die golwe van die Heilige Gees te plaas en weg te ry van hierdie, *babbel*, *babbel* hier en daar, wat sê: "Die dae van wonderwerke is verby. Daar's glad nie so-iets soos God nie. Daar is glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie." Stel net jou geloof in God, en laat die Heilige Gees jou reg buite gehoorafstand daarvan wegbeweeg, wegseil, uit die gemors van hierdie moderne, geleerde, intellektuele geslag uitkom waarin ons lewe, een of ander tyd alleen raak en droom, dit oordink, jou Bybel saam met jou neem.

72 Nie om 'n spektakel van my vriend wat hier sit, Mnr. Call, te maak nie. Ek onthou eenkeer het ons opgegaan na 'n klein stroompie oorkant Lowes, en hy sou vir my 'n sekere stroompie wys wat afgeloop het, 'n waterval, vir my was dit 'n miljoen myl beter as Niagara, en hy het vir my gesê: "Laat dit jou klein voel?" Wat was dit? Was om die handewerk van die Almagtige God te sien, gaan alleen uit, neem jou Bybel, bestudeer.

73 Op hierdie plek, sekere bedelaar met die naam van—van—van Bartiméüs wat by die poort sit, hy het aan daardie goed gedink, en terwyl hy daar gesit het, eerste ding wat hy begin dink het: "Toe ek 'n klein seuntjie was, het ek sig gehad, en ek onthou toe ek altyd op die heuweltjies daaronder gespeel het, en die mooi, ou blommetjies gepluk het in Judéa. En ek kan my dierbare moeder

onthou, hoe sy my in haar arms sou neem," en sy ou, donker haartjies sou uitvee uit sy klein, blou ogies: "en sê: 'Bartiméüs, jy weet, jy is die oulikste, klein seuntjie.' En hoe sy my altyd in haar arms gesus het en vir my Bybelstories vertel het."

74 Weet julle wat Amerika nodig het? Is meer moeders soos daardie. Nie soveel van David Crockett, en—en—Elvis Presley, en Arthur Godfrey nie, maar van Christus en die Bybel. Daar's meer kinders in hierdie stad vanaand wat julle kan vertel van Elvis Presley, as wat daar is . . . julle meer van hom vertel, as wat hulle kan van Jesus Christus, en dan wonder julle waarom ons jeugmisdade het, mense doodsteek op straat, ons 'n neurotiese eeu geword het, is omdat ons God uitgelaat het, en ons het geloofsbelydenisse in ons kerk aanvaar, in plaas van die Heilige Gees. Presies reg.

75 En sy klein verstandjie het begin teruggaan, o, hy onthou 'n sekere storie, dit was van die groot profeet Elisa en Elía, hoedat die Sunamitiese vrou . . . omdat daar 'n klein seuntjie ingesluit was daarin. Hoedat die Sunamitiese vrou onvrugbaar was, en sy so goed was vir die profeet, Elisa. En eendag toe sy vir hom 'n plekkie gebou het om langs haar huis te rus, het hy vir sy dienskneg, Gehási, gesê: "Gaan in en vra vir haar of ek met die koning kan praat vir haar, of met die hoofkaptein."

Sy het gesê: "Nee. Ek's 'n vrou wat van my mense lewe," en gesê: "ek—ek het net alles wat ek nodig het."

Maar Gehási het gesê: "Jy weet, sy het nie enige kinders nie, en haar man is oud."

76 En klein Bartiméüs het altyd van daardie storie gehou, so hy sou sê: "Vertel dit vir my, Mamma."

77 En eendag nadat sy geseën is, en die babatjie gekom het, hy moes omtrent tien, twaalf jaar oud gewees het, hy was saam met sy vader buite in die veld, en dit moes die hooimiedtyd gewees het, en hy moes 'n—'n beroerte gekry het, sonsteek, want hy het begin uitroep: "My kop! My kop!" En sy vader het hom in die huis ingestuur, en hy het op sy mamma se skoot gelê tot dit omtrent, o, ek sou sê, om en by middag was. En terwyl, hy moes baie siek geword het, en naderhand, was daar geen asem in hom nie en hy het gesterf.

78 Sy tel hom op en neem hom na die profeet se kamer toe en lê hom neer op die bed. Wat 'n plek om hom na toe te neem! Sy het gesê: "Saal 'n muil op en gaan na die Berg Karmel, want ek moet hierdie dienskneg van God sien. En ek wil uitvind, as God vir my kon sê my baba was op pad terwyl ek 'n ou vrou was, kan Hy my sekerlik sê waarom Hy my baba geneem het, en Elisa is Sy verteenwoordiger, ek sal gaan uitvind."

79 En sy het gejaag met die muiltjie, tot sy by die profeet gekom het. En hy het gesê: "Hier kom daardie Sunamitiese vrou, en God het nie aan my openbaar wat haar probleem is nie." En luister

hierna, vriend, ek hou net hiervan: Hy het gesê: "Gaan dit goed met jou, en met jou man, en met die kind?"

80 Sy het gesê: "Alles gaan goed." En die baba 'n lyk. Sien, sy het voor hierdie profeet gekom, sy het geweet dat hy God se agent was.

81 Dis dieselfde ding wat Martha gedoen het toe sy voor Jesus gekom het: "As U hier was, sou my broer nie gesterf het nie." Sien? Sy het geweet sy was voor God se verteenwoordiger. En is dit nie net té jammer dat ons predikers van die Evangelie sulke swak onderdane van Hom is vandag, terwyl ons aanspraak maak om Sy verteenwoordigers te wees nie?

82 En sy het aan hom geopenbaar wat gebeur het. En hy het vir Gehási gesê: "Omgord jou lendene, en neem my staf en lê dit op die baba." En Gehási het vooruitgegaan.

83 Maar die vrou se geloof was nie in die staf nie, dit was in die profeet, so sy het gesê: "Ek sal u nie verlaat nie." Sy sou by haar punt bly. Ek hou daarvan, bly daarby, God het die belofte gemaak, God moet sorg vir Sy belofte; sy het by die profeet gebly.

84 Hy het na die kamer toe gegaan, hy het nooit vir die kind gebid nie, hy hy heen-en-weer, op-en-af oor die vloer geloop. Hy en die dooie kind saam. Toe het die Gees van God op die profeet gekom, en hy het gegaan en sy liggaam op hom gelê, en die babatjie het sewe keer genies en lewendig geword.

85 O, hoe klein Bartiméüs altyd van daardie storie gehou het! En dan om te dink, dat binne twintig voet van waar hy gesit het, daardie groot profeet, Elía en Elisa ingehaak geloop het reg langs die muur waar hy gesit het, op pad af na die Jordaan, om die Jordaan oop te maak om oor te loop op droë grond.

86 Ek kan vir Bartiméüs hoor soos hy gesê het: "O, as ek in daardie dag gelewe het, sou ek uitgehardloop en gesê het: 'O, profeet van God, wees my genadig en bid vir my, dat ek my sig kan ontvang.' Maar o, helaas, die priester sê vir my dat die dae van wonderwerke verby is."

87 Dis die uitroep van die dag. As die dae van wonderwerke verby is, dan is die dag van God verby, want Hy bly dieselfde, het die Bybel gesê, gister, vandag, en tot in ewigheid.

88 Maar dit was te ver, die wind word 'n bietjie koud, die skaduwee kom om, hy beweeg hom oor in die skaduwee, weer uit die skaduwee uit na die son toe en hy begin droom. Ja, hy onthou dat sy moeder hom altyd vertel het van al daardie stories, en toe net reg in die pad af, nie vyfhonderd treë van waar hy gesit het nie, het die groot, magtige Josua eendag afgestap na die rivier toe en die ark van die Here geneem, en die waters van die Jordaan het terugbeweeg in die lentetyd toe die vloed aan was, en hy het die Jordaan oorgesteek, en die hele Israel, op droë grond.

89 Die groot God van die Hemel het dit gedoen, nie vyfhonderd treë in *daardie* rigting nie, en nie twintig treë in *hierdie* rigting nie, het Elisa en Elía verbygegaan op 'n ander dag en dieselfde ding gedoen. Vriend van my, God is dieselfde.

90 Let op, toe het hy gedink: "Hierdie einste rots waarop ek sit, was eenmaal bo-op die muur, en daardie magtige leër van Israel het dertien keer om hierdie muur gemarsjeer en 'n basuin geblaas, en toe dit het, het die God van die Hemel die mure platgeskud, en ek sit op die rots. Wat as ek hier sou gewees het toe Josua hier was? Ek sou na hom toe gehardloop, en gesê het: 'O, profeet van God, wees my genadig!' Maar dae van wonderwerke is verby, sê die priester, ons het hulle nie meer nie, hulle was ver terug in die dae van Moses en Josua, en destyds in daardie dae, ons het dit nie vandag nie." Hulle dink dieselfde ding vandag, maar dit is nie so nie.

91 "Toe, het ek weer opgelet," het hy gedink: "o, wel, jy weet, toe Josua daar geloop het, daardie groot bevelvoerder, en 'n groot krygsman, eendag het hy geloop voor hy hierdie groot Jérigo beleër het, en terwyl hy geloop het, het hy 'n Man sien staan met Sy ontblote swaard. Josua het sy swaard uitgetrek, en hy het gesê: 'Is U vir ons? Is U vir ons vyand?'

92 "En hierdie groot Krygsman wat daar gestaan het met 'n swaard in Sy hand, het gesê: "Nee; Ek is die Leërowerste van die Here." Josua het sy helm afgeruk en voor Sy voete neergeval."

93 O, blinde Bartiméüs sou gesê het: "As ek net toe daar kon gewees het!" Min het hy geweet dat daardie selfde Leërowerste van die Here nie 'n honderd treë van hom af was nie.

94 God laat jou dink oor dinge. Bestudeer dit, dis waarvoor jy kerk toe kom. "As daar enige lof is, as daar enige deug is, bedink dit." Waaraan dink jy vanaand? "Miskien sal ek nie genees word nie, ek sal teruggaan huis toe." Jy sal kry waaraan jy dink. Besluit in jou hart dat God dit sal doen, en God sal dit doen. Moenie jou sonde terugneem huis toe nie, moenie jou ongeloof dra nie, moenie jou siekte dra nie.

95 Soos die man hier gisteraand in die rolstoel, en die verskillendes, jy hoef dit nie terug te dra huis toe nie, God sal jou daaruit haal, as jy sal glo Hy bly steeds dieselfde God. Dink daaraan terwyl jy daar sit.

96 En naderhand het hy 'n geraas gehoor. Julle weet, daar's iets vreemds, gewoonlik waar Jesus is, is daar baie geraas. Daar het 'n geraas deur die straat aangekom. Wat het gebeur? O, hulle weet nie. Naderhand het daar 'n paar kinders verbygehardloop, hier kom 'n paar vroue. En hy het die vreeslikste geraas gehoor, party wat sê: "Weg met so 'n skynheilige! Hy behoort doodgemaak te word!"

97 En toe hoor hy daardie selfde priester, net met sy stem: "Sê, jou Goddelike geneser, Jesus van Násaret, jou Galilése profeet,

veronderstel om te wees, hulle sê vir my dat jy die dooies opwek. Wel, ons het 'n hele begraafplaas vol hier. Kom wek hulle op!"

98 Dis daardie selfde ou duiwel, wat Hom daarbo in die wildernis ontmoet en gesê het: "As u die Seun van God is, doen 'n wonderwerk, hier, laat ek u hierdie klippe in brood sien verander."

99 Die vrou het Sy kleed aangeraak, krag het uitgegaan, en sy het haar genesing gekry. Maar daar was Romeinse soldaat wat 'n klomp ou lappe om Sy kop gesit en Hom op die kop geslaan het met 'n stok en gesê het: "Profeteerder, sê vir ons wie jou geslaan het, en ons sal jou glo." Hy het nooit Sy mond oopgemaak, 'n woord vir hom gesê nie. God vermaak nie, Hy hoef nie, Hy's God.

100 Jy's die een wat moet pleit om genade. Jy's aan God verskuldig, en nie God aan jou nie, dis jou skuld, nie Syne nie. Hy het alles gedoen wat Hy kan om jou te verlos, tekens, wonders, wonderwerke gestuur, Sy Seun gestuur en Hy het gesterf, profete gestuur, ensovoorts, en steeds gaan hulle reguit aan in sonde asof dit nooit enigiets was wat gebeur het nie.

101 Dan as jy genade weier, is net een ding oor, dis oordeel. As jy oor 'n rooi lig ry en getref word, moenie die stad blameer nie, jy moes gestop het. As jy eendag in 'n hel opeindig, moenie vir God blameer nie, Hy het alles voor jou gewaai wat Hy kan waai, selfs die Bloed van Sy Eie Heilige Seun, en jy het die heeltyd net aangegaan. Die liedere van die kerk, die verkondiging van die Evangelie, die lees van die Woord, tekens en wonders voor julle, en steeds blindelings, net vasbeslote om te gaan, of God jou stop of nie. God stuur niemand hel toe nie, jy stuur jouself hel toe deur Sy Seun te verwerp.

102 Toe daar, terwyl hierdie groot skare verbygegaan het, party wat oorryp tamaties, en—en appels, en goed na Hom toe gegooi het.

103 Daar gaan Hy, 'n Man waarvan gepraat word, en verag, en 'n duiwel genoem word, 'n gedagteleser, 'n Man toe Hy eers Sy bediening begin het, hulle 'n man na Hom toe gebring het, hy was 'n onkundige, ongeleerde man met die naam van Simon, en sodra hy in die Teenwoordigheid van Jesus ingekom het, het Jesus gesê: "Jou naam is Simon, en jou vader se naam is Jona."

104 Daar het een daar gestaan, gesê: "Dis die Messias!" Hy het oor die vyftien myl om die berg gehaas en sy vriend gekry, gesê: "Kom, kyk Wie ons gevind het, Jesus van Násaret, die seun van Josef."

Hy het gesê: "Nou wag 'n bietjie. Kan daar enigiets goeds uit Násaret kom?"

105 Hy het gesê: "Kom kyk." Dis die beste boodskap om enigiemand te gee: Moenie by die huis bly en kritiseer nie, kom en vind uit vir jouself. Moenie neem wat iemand anders sê nie,

ondersoek dit met die Skrif en kyk of dit 'n belofte van God is, gaan dit dan na met die Woord.

106 En toe hy in die Teenwoordigheid van Jesus gekom het, het Natánael miskien vir hom gesê: nou gesê, of, Filippus het vir hom gesê op die pad om, gesê: "Wanneer jy in Sy Teenwoordigheid inkom, onthou jy daardie ou visserman? Hy het vir hom gesê wie hy was en wie sy vader was. Wel, wanneer jy in Sy Teenwoordigheid kom, sal Hy jou waarskynlik sê wie jy is."

"Onsin," het die ander een gesê: "ek glo dit nie."

107 En toe hy in die Teenwoordigheid van Jesus gekom het, het Jesus gesê: "Daar is nou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

Dit het hom verstom, hy het gesê: "Rabbi," of *leraar*: "wanneer het U my geken?"

108 Hy het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." Vyftien myl om die berg die vorige dag. Watter oë! Gesê: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen."

109 Wat het Hy gedoen behalwe goed? Maar omdat Hy nie saamgestem het met hulle moderne geloof nie, was hulle gereed om Hom te kruisig, en Hy het dit geweet, as 'n Profeet. Nie net 'n profeet nie, Hy was meer as 'n profeet, Hy was God wat vlees geword het onder ons. Dit maak my so ontsteld wanneer ek hierdie moderne dag hoor, wat probeer om te verwys na Jesus Christus as net 'n profeet.

110 'n Tyd gelede het 'n vrou vir my gesê, van 'n sekere denominasionele kerk, sy het gesê: "Mnr. Branham, jy spog te veel met Jesus, jy maak hom Goddelik."

Ek het gesê: "Hy—Hy was óf Goddelik, óf die grootste bedrieër wat die wêreld ooit gehad het."

Gesê: "As ek vir jou sal bewys met jou Bybel, dat hy nie Goddelik was nie, sal jy dit glo?"

Ek het gesê: "As die Bybel so sê."

En sy het gesê: "In Johannes 11, toe hy op sy pad was om Lasarus uit die graf op te wek, het die Bybel gesê dat hy geween het."

Ek het gesê: "Wat het dit daarmee te doen?"

Sy het gesê: "Hy kan nie Goddelik wees en ween nie."

111 Ek het gesê: "Dame, Hy het geween toe Hy na die graf van Lasarus toe gegaan het, maar toe Hy daardie liggaampie van Hom regop getrek, en gesê het: 'Lasarus, kom uit,' en 'n man wat vier dae dood was, het op sy voete gestaan en weer gelewe, was dit meer as 'n mens, dit was meer as 'n profeet."

112 Hy was honger toe Hy van 'n berg afgekom het en aan 'n boom gesoek het vir iets om te eet, Hy was 'n man toe Hy honger was,

maar toe Hy vyf broodjies en twee stukkies vis geneem het en vyfduisend gevoed het, was dit meer as 'n man.

113 Toe Hy agter in daardie klein bootjie gelê het daardie nag, het tienduisend duiwels van die see gesweer hulle sou Hom verdrink. En dit was soos 'n bottelprop op die see, soos die bootjie sy pad omgeveg het. Maar toe Hy opgestaan en opgestap het, Sy voet op die rand van die boot gesit, opgekyk het, gesê het: "Swyg, wees stil," en die winde en die golwe gewyk het na die inhamme, toe was Hy meer as 'n man, dit was God wat deur daardie menslike lippe gespreek het, Hy was Emmanuel.

114 Toe Hy op Gólgota gesterf het, het Hy om genade geroep: "My God, waarom het U My verlaat?" Maar op Paasoggend, toe Hy die seëls van die dood gebreek en die sleutels van die dood en die hel van Satan afgeneem en weer opgestaan het op die derde dag, het Hy bewys dat Hy God was. En vandag is Hy lewendig hier in hierdie kerk vanaand onder ons in dieselfde krag van Sy opstanding wat Hy toe was.

115 Hy was op Sy pad na Jerusalem, Sy gedagtes was gevestig, Hy het nie hulle geskree gehoor nie. Maar naderhand, het hierdie ou blinde bedelaar gesê: "Wie gaan verby?"

"O, gaan terug na die hoek toe!"

"Wie is Dit?"

Iemand het gesê: "O, bly stil!"

En 'n gawe, klein vroutjie, glo ek, het nadergestap, gesê: "Wat wou jy hê, meneer?"

116 Hy het gesê: "O, gawe dame, ek's 'n ou blinde bedelaar, my klere is verslete, ek—ek het niks om te eet nie, en ek wil graag weet wat al hierdie geraas beteken."

"Wel," het sy gesê: "meneer, het jy nog nooit gehoor nie?"

"Nee, ek het nie, dame."

"Daardie Galilése Profeet gaan verby, daardie Jesus van Násaret."

"Wie is Hy?"

"Weet jy nie die Skrif sê dat 'Die Here julle God sal 'n Profeet soos wat ek is, oprig nie. Dit sal gebeur dat wie ook al nie na hierdie profeet luister nie, van die dood afgesny sal word, of afgesny sal word van die lewendes,' liewer?"

En hy het gesê: "Wel, waar woon Hy?"

"Hy's van Galiléa."

"En is Hy die Een wat genees?"

"Ja."

Toe het hy sy . . . "O Jesus, U seun van Dawid, wees my genadig!" Hy is verhoor.

117 Nou, julle weet Hy kon hom nie hoor nie, Jesus kon nie, al daardie geraas nie, Hy kon hom nie hoor nie, maar sy geloof, net soos die vrou met die bloedvloeïng wat Hom aangeraak het. En Jesus, wat op pad was na Gólgota met die gewig van die wêreld op Sy skouers, met die sondes van elke dood wat ooit gesterf is of ooit sou word, wat op Sy skouers gelê het, die las van die sondige wêreld, met Sy hoof gerig op die Hemel, wat reguit na Jerusalem toe gaan om gekruisig te word, en daardie ou bedelaar wat omtrent 'n stadsblok ver staan, en sê: "O God, ek het aan U gedink! Ek het hier gesit en U bestudeer. Hoekom het jy Hom laat verbygaan op hierdie tyd? Wees genadig! God wees genadig!"

118 Sy geloof het Jesus gestop. Jy hoef nie in die *Wie's Wie* te wees om Jesus te stop nie, jy hoef nie 'n briljante geleerdheid te hê nie, jy hoef nie 'n aandpak te dra nie, hê net geloof in God. En dit het Hom gestop, Hy het omgedraai, gesê: "Bring hom hier."

Hy het nooit begin sê nie: "Nou, wag. . ." Hy het daardie ou verslete jas neergegooi en gegaan, hy het nie omgegee wat enigiemand gesê het nie.

119 Ek het sy lewe gelees hier nie lank gelede nie, blinde Bartiméüs, hy was blind vir baie jare, hy het 'n vrou gehad, 'n dogtertjie, hy het nog nooit die dogtertjie gesien nie. En blinde Bartiméüs, sy storie gaan, mag fiksie gewees het, ek weet nie, maar in daardie dae het hulle 'n lam gehad wat hulle gelei het, soos die gidshond nou doen. En hy het twee tortelduifies gehad om toertjies te doen, hulle sou bollemakiesies oor mekaar maak, en dis wat die aandag sou trek van die toeriste, en die mense wat deurkom. Dis hoe. . .Hy het sy blikkie uitgehad, of wat dit ook al was om te bedel, dan sou hulle hierdie tortelduifie dophou. In Indië het ek. . .almal, en elke bedelaar het 'n klein, uitgehongerde apie, of 'n kobra, of *so-iets* om die aandag te trek, om die aalmoese van die mense te kry.

120 En Bartiméüs het twee duifies gehad wat net bollemakiesies oor mekaar gemaak het, en die mense sou daarvoor lag, hom dan 'n muntstuk gee. En dit het gesê dat sy vrou een aand siek geword het, en die dokter gekom en gesê het: "Daar's niks wat ons daaraan kan doen nie, Bartiméüs. Jou vrou het so 'n geweldige koors dat sy gaan sterf."

121 So hulle het gesê hy het sy pad om die huis gevoel, totdat hy by die hoek gekom het, en hy het sy hande opgesteek en gesê: "Jehova. . .[Leë kol op band—Red.]

122 ". . .kan dit nie doen nie!" Gesê: "Ek sal vir jou geld gee om vir jou 'n lam te koop."

Hy het gesê: "Groot Hoëpriester, ek het nooit vir God gesê ek sal vir Hom *'n* lam gee nie, ek het vir Hom gesê ek sal vir Hom *hierdie* lam gee."

123 Jy bring graag iemand anders kerk toe, jy sit graag blomme op die altaar, en doen klein, barmhartige werkies, wat alles reg

is, maar is *jy* die lam? *Jy's* die een wat God op die altaar wil hê, *jy*. Opgeofferde lewe, jouself volkome in Sy wil te gee.

124 En hy het gesê: "Blinde Bartiméüs, jy kan dit nie doen nie, daardie lam is jou oë."

Hy het gesê: "O, groot Hoëpriester, as ek Jehova dien en my belofte aan Hom hou, sal Jehova 'n Lam voorsien vir blinde Bartiméüs se oë."

125 Dit was op hierdie koel, Oktobermiddag, dat God 'n Lam voorsien het vir blinde Bartiméüs se oë, dat sy oë oopgemaak kon word.

126 Laat ek vir jou sê vanaand, my dierbare vriend van hierdie stad, God het ook vir jou 'n Lam voorsien, Dis dieselfde Lam: "Die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." As jy Hom nie ken as jou Verlosser nie, terwyl jy gesit, geluister, gemediteer het, net soos ek jou vertel het, van om alleen te wees, soos Bartiméüs was, alleen, nou, Hy's nou naby jou, sal jy Hom nie ontvang nie?

Laat ons nou ons hoofde net 'n oomblik buig.

127 Ek wonder, terwyl ons ons hoofde gebuig het, stil as die orrel ons net 'n bietjie agtergrond sal gee, terwyl jy gedink het, het sonde in jou hart opgekom dat jy weet dat jy nie reg is met God nie, en as jy sou sterf, sou dit alles daarvan vir jou wees? As dit is, sal jy net jou hand opsteek? Moet niemand opkyk nie, hou nou julle hoofde gebuig. Steek net jou hand op, sê: "God, wees my genadig." God seën jou, jongman. God seën jou, jou, jou, jou. Dis reg. O, twintig of dertig hande op. God wees genadig!

128 Al behoort jy aan 'n kerk, maar tog het jy nog nooit, ooit geweet wat dit was om wedergebore te word nie, sal jy net jou hand opglip, sê: "Ek het gedink, Prediker, ek wil Hom ook as my Verlosser hê. Ek wil hê Hy moet my net nou genadig wees. En ek glo daardie selfde Jesus is nie nou ver van ons af nie, ek aanvaar Hom nou, ek wil hê Hy moet my help"?

129 Iemand anders steek jou hand net vinnig op? Goed. God seën jou, en jou. Dis goed. Bo in die balkonne daarbo? Iewers daarbo in die balkonne, party van julle? God seën jou daarbo, kleintjie. God seën jou, jong dame. God seën jou, jong man, dis baie goed. Iets gebeur wanneer jy jou hand opsteek: God sê: "Ja, dis—dis reg." Sien, wat doen jy wanneer jy . . .?

130 Jy sê: "Wat doen dit, Broer Branham, wanneer ek my hand opsteek?"

131 Weet jy dat jy die wette van—van die wetenskap uitdaag wanneer jy jou hand opsteek? Volgens swaartekrag, is jou hande veronderstel om af te hang, jy kan nie jou hande opsteek nie. Maar wanneer jy jou hand opsteek, wys dit dat daar iets in jou is wat lewendig is, en dit het 'n besluit geneem, en jy steek jou

hande op na jou Skepper, jy daag die wette van swaartekrag uit, jy glo Hom, dis wat gebeur het.

132 Hier is Jesus se Woord:

> . . . *Hy wat my woord hoor, en glo in hom wat my gestuur het,* het *ewige lewe, en sal* nooit na die Oordeel *kom* nie*; maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.*

133 Kan jy soveel vir Hom doen vanaand? Uit jou hart: "Ek glo U nou, Here Jesus." God seën jou, jong vrou. God seën jou, jong moeder. Dis goed. Iemand anders wat nie nou hulle hande opgesteek het nie? God seën jou, jong dame, en vir jou hier oorkant, albei van julle jong vroue, net by die draaipunt van die lewe, hierdie klein tiener, ruk-en-rol, helbestemde geslag, dis 'n groot besluit, bly daarby, julle het die dapperste ding gedoen wat julle ooit gedoen het. Iemand anders? Net 'n oomblik nou, voor ons stop. Goed.

134 Bly net met julle hoofde gebuig, dink daaroor, bid nou op julle eie manier. God seën hierdie jong kêrel wat hier reg in die voorste ry sit. Goed. Bid op jou eie manier, op die manier wat jy by jou kerk bid, wat dit ook al is, bid jy so, sê vir God: "God, ek het my hand opgesteek, omdat Iets vir my gesê het om dit te doen." Wat het dit gedoen? God het. God seën jou, dametjie hierbuite op die punt, ek sien jou, ook, tienertjie daar. "Iets in my hart het vir my gesê om my hand op te steek."

135 Julle weet, Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom trek nie." [Leë kol op band—Red.] God seën jou ook, jong dame wat net hier sit. Ek wag net omdat meer hulle hande opsteek. Wat sal dit wees by die Oordeel wanneer ek julle ontmoet? Ek mag julle nooit weer sien tot dan nie.

> Omdat ek aan Hom belowe, ek sal glo,
> O Lam van God wat voorsien is vir my, ek kom!

136 "Ek kom nederig, Lam van God, neem my sondes weg." God seën jou, dametjie, dis goed. Hy sien julle hande daar oorkant.

137 Here God, U het gesê daar's nie eens 'n mossie wat in die straat kan kom sonder dat U daarvan weet nie. Hoeveel te meer ken U dan 'n berouvolle siel wat die Vader aan die hart se deur geklop het, en hulle hulle hande opgesteek het? Hier in hierdie groepie mense vanaand, net 'n baie, klein handjievol mense, maar omtrent twintig of dertig het hulle hande opgesteek, hulle is siek en sat vir hierdie moderne *sogenaamde* manier van lewe, hulle besef dat hulle hulleself skei van God, en hulle kyk op, hulle sien die handskrif teen die muur, sputniks in die lug.

138 Die Bybel het gesê daar sou groot dinge soos daardie gebeur in die lug, soos wat hulle vlieënde pierings noem, en sputniks, en—en hoedat die see sou dreun, groot vloedgolwe, nooit tevore in die geskiedenis van die tyd nie, wat nou gebeur, mans se harte wat ingee, hartprobleme (Let net op, Here, U het gesê

mans, nie vroue nie.), verwarrende tye, spanning tussen nasies, hoe hierdie geweldige dag sou wees, hoe die waens sou jaag op die breë paaie, en skyn soos fakkels, die groot hoofligte op die breë paaie, hoedat mense roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot sou wees, as van God, kwaadsprekers, bandeloos, en sonder liefde vir die goeie, wat 'n gedaante van godsaligheid het en die krag daarvan verloën het, keer jou af van diegene.

139 U het gesê in daardie dag sou U Uself openbaar uit die Hemel, en ons sien U, Here, en ons weet dat die Vader hier is. En diegene wat hulle hand opgesteek het, God, as hulle dit in hulle hart bedoel het, het U hulle naam op die Boek van die Lewe geplaas, en is daar niks wat dit kan uitvee nie, U het so gesê. "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het die Ewige Lewe." U het gesê: "Ek sal hom oprig in die laaste dag."

140 Dankie, Here. Hulle is die trofeë van die Boodskap wat U gegee het as liefdesgawes vir U Seun. "Niemand kan hulle uit die hand ruk nie." Gee hulle nou Ewige Lewe, Vader, vul hulle met U Gees en U goedheid. Hulle het U aanvaar, miskien vreemdelinge, nog nooit tevore U Gees sien beweeg nie, maar hulle het dit gedoen op grond van die Woord. Skenk, Here God, dat hulle sal vashou aan U onveranderlike hand hierdie paar dae van die lewe wat ons oor het, want waarlik, ons is naby aan die eindtyd.

141 Dis later as wat ons dink, ons kan stof wees binne 'n uur, een slukkie vodka te veel, die groot vuurpyle is opgestel. O God, wees genadig! Laat ons bly onder U ewige vlerke, totdat U vir ons kom. In Christus' Naam bid ons, Amen. [Leë kol op band—Red.]

Wees U my Gids;
Laat duisternis verander in dag,
Vee hartseer trane af,
En laat my nooit afdwaal
Van U af nie.

142 Laat ons dit nou baie stadig sing, en in die gees van sang:

Wyl ek lewens donker doolhof bewandel,
En droefheid . . .

Dis reg. Bid dit net soort van, terwyl julle sing.

. . . my versprei,
Wees U my Gids,
Laat duisternis verander in dag,
Vee hartseer trane af,
En laat my nooit afdwaal
Van U af nie.

143 Laat ons nou ons hoofde buig, nederig.

144 O Groot Jehova, stuur Jesus nou na hierdie gehoor toe, Here, laat Hom Homself manifesteer as die herrese Here, soos ons ons harte en siele aan U oorgee. Ons het U Woord gepreek, kom manifesteer Dit, Here.

Net Uwe wees!

145 [Leë kol op band—Red.]. . . vuur wat eens was, 'n mooi, warm vuur. Jy kan nie warm word by geverfde vuur nie. Die wêreld het nie 'n historiese God nodig nie, dit het 'n God van die huidige dag nodig. Die Bybel het gesê dat Jesus Christus, Hebreërs 13:8: "Jesus Christus dieselfde is, gister, vandag, en tot in ewigheid." Is dit reg?

146 Ons weet dat Hy in Sy Skrif gesê het: "Ek kan niks uit Myself doen, behalwe wat Ek die Vader sien doen nie." Johannes 5:19. Het julle dit al ooit gelees? Steek julle hande op as julle het. Dan het Jesus nooit niks gedoen totdat die Vader Hom gewys het nie; dis wat Hy gesê het. En ons vind uit dat Hy die mense se harte en gedagtes geken het. Nou, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, moet Hy dieselfde wees in beginsel, dieselfde in krag, dieselfde in emosie, Hy moet dieselfde wees.

147 Net een manier, het Hy gesê: "Ek is die Wynstok . . . 'n Klein tydjie en die . . . " Ek sal dit eers aanhaal: "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie," (Nou, die Griekse woord daar is *kosmos*, wat "die wêreldorde" beteken.) "hulle sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien," die Kerk: "want Ek," *Ek* is 'n persoonlike voornaamwoord: "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld." Is dit wat Hy gesê het? "En die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. Hy wat in My glo," nie verbeel hy glo nie, maar hy wat glo, "die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Johannes 14:8.

148 "Die werke wat Ek doen." Wat het Hy gedoen? Hy het gesê: "Ek is die Wynstok, julle is die lote." Nou, die wynstok dra nie vrugte nie, die loot dra vrugte van die wynstok. Is dit waar? As jy na 'n waatlemoenrank toe gegaan het, het dit waatlemoene as dit 'n vrugbare rank is; as jy na 'n wingerdstok toe gegaan het, sou jy druiwe vind; pampoenrank, sou jy pampoene vind. Wat van wanneer jy na die kerk toe kom? Wat vind jy? 'n Klomp mense wat sê: "O, dit was in 'n dag wat verby is."

149 Die Wynstok leef nog steeds. As ons in Christus is, die werke wat Hy doen, sal ons dieselfde ding doen, Hy het so gesê. As dit nie waar is nie, dan kon ek—ek Hom nie glo nie.

150 Ek—ek kan vir jou 'n belofte maak en moet dit terugtrek, ek's sterflik, maar Hy, oneindig, Hy kan nie 'n belofte maak sonder om dit te hou nie.

151 Nou, gisteraand het ons 'n gebedsry geroep. Ons het uitgegee . . . [Leë kol op band—Red.] . . . Heilige Gees van God in Hom. Hy het gesê: "Ek vergewe julle," want Hy het nog nie gesterf, om 'n weg te maak nie, maar nou, het Hy gesê: "as julle 'n woord spreek teen die Heilige Gees . . . "

152 Nou onthou, Hy het daardie teken aan die Jode verklaar, die ware Jood het geglo dat dit die Messias was. Ons het gisteraand daardeur gegaan.

153 En Hy het eenkeer na die put toe gegaan om water te kry . . . na 'n ander ras mense toe, wat Samaritane was. Nou onthou, Hy het nie na enige Heidene toe gegaan nie. Hoeveel weet dit? Geen Heidene nie, en Sy dissipels verbied om na 'n Heiden toe te gaan. Ons het tweeduisend jaar daarvoor gehad, hierdie is die dag van die Heiden, wat nou afsluit.

154 Nou, maar Hy het by die put van Samaria verbygegaan, en kyk nou wat Jesus gister was, en daar het 'n jong vrou uitgekom. Kom ons dink sy was pragtig. Sy was 'n prostituut, berugte vrou. En sy het uitgekom om haar water te kry, omtrent op die middag. En sy het die waterpot gehad, en sy het nie geweet daar was enigiemand daar nie, dit was 'n panoramatjie, iets soos hierdie, en daar het 'n Man daar oorkant gesit. Ek was by die put, soos daardie, en daar, net buitekant die stad.

155 En hierdie Jood, Hy was net iets oor die dertig jaar oud, maar die Bybel het gesê hy het vyftig gelyk, Sy werk het dit gedoen, gesê: "U 'n man nog nie vyftig jaar oud nie en sê u het vir Abraham gesien? Nou weet ons u het 'n duiwel."

Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK."

156 En dit was die—dit was die Vuurkolom wat in die brandende bos was op die foto wat julle vanaand sien, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. As daardie Vuurkolom waarlik dieselfde Vuurkolom is, sal Dit dieselfde getuienis gee wat dit het in Jesus Christus wanneer Dit hier in Sy Kerk is. Dis reg.

157 Jesus het ons nooit opdrag gegee om 'n kerk te bou nie, Hy het ons ook nie opdrag gegee om 'n skool van teologie te hê nie, Hy het ons ook nooit opdrag gegee om enige van daardie dinge te doen nie, Hy het gesê: "Verkondig die Evangelie." En wat is die Evangelie? Die krag en demonstrasie van die Heilige Gees. Nou, as dit nie reg is nie, dan ken ek nie die Skrif nie, dis wat Dit sê.

158 O, hoe ons intellektuele Amerikaners so styf en formeel sit, en daardie arme heidene daar oorkant, skree en raas net, by die duisende het hulle saamgedrom daarvoor.

159 Nou let op, daardie Lig sal moet getuig van wat Dit is.

160 Eendag toe hierdie vrou daar gesit, of, daar gekom het, het Jesus vir haar gesê: "Bring vir My water om te drink. Kom hier, vrou."

161 Sy het omgedraai, sy het daardie Jood gesien. Sien, daar was skeiding tussen Jood en Heiden, of, Jood en Samaritaan, want hulle was half Jood en Heiden. En so, het sy gesê: "Ek's 'n vrou van Samaria, dis nie die gebruik vir julle Jode om my so 'n vraag soos daardie te vra nie." Nou, dis Johannes 4, as julle dit wil lees.

Hy het gesê: "Maar as jy weet met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink."

"Wel," het sy gesê: "die put is diep, en U het niks om mee te skep nie."

En die gesprek het voortgegaan, totdat Hy kontak gemaak het met haar gees, Hy het gesê: "Gaan, haal jou man, en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

Gesê: "Dis reg. Jy het vyf gehad, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie joune nie."

162 Nou, wat het sy gesê? Hy was 'n fortuinverteller? Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Nou, ons weet wanneer die Messias kom, wat die Christus is, sal Hy hierdie dinge doen." Is dit reg? Wel, as dit gister die Messias was, Sy teken, sal dit die Messias vandag wees, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Gesê: "Wanneer die Messias kom, sal Hy dit vir ons sê."

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

En sy het in die stad ingehardloop, en gesê: "Kom, sien 'n Man Wat vir my gesê het wat ek was. Is Dit nie die Messias nie?" Hoeveel ken daardie Skrif? Johannes 4.

163 Nou nog een: Daar was eenkeer 'n vrou, wat nie by Hom kon uitkom nie. Sy het Hom geglo, en sy het gesê: "As ek net Sy kleed kan aanraak, sal ek gesond gemaak word, want ek glo Hy is—Hy is die Messias, en as ek Sy kleed kan aanraak, sal ek dit glo." En sy het deur die skare gedruk. Sy het 'n bloedvloeïng gehad, menopouse miskien, wat vir jare nie opgehou vloei het nie. En so, het sy Sy kleed aangeraak.

164 Nou, Hy het nie die aanraking soos daardie gevoel nie, want die Palestynse kleed hang los, dit het 'n onderrok daaraan. So, sy het Hom so aangeraak, en sy het soontoe geloop, sy was tevrede sy sou reg wees. Jesus het gestop en gesê: "Wie het My aangeraak? Wie het My aangeraak?"

En Petrus het Hom bestraf, gesê: "Waarom sê U so-iets? Wel, die hele skare raak aan U, en U sê: 'Wie het U aangeraak?'"

Hy het gesê: "Maar Ek het swak geword, daar het krag van My uitgegaan." Dit was 'n ander soort aanraking.

165 O, Concord, vanaand (God wees genadig!), gebruik daardie aanraking! Nie: "Ek's 'n Metodis. Ek's 'n Baptis. Ek's Pinkster. Ek's Nasareens," nie. Gebruik daardie aanraking wat Hom aanraak. Lê af hierdie tradisies, laat ons Christus aanraak.

166 Nou, en Hy het rondgekyk, Hy is aangeraak deur haar geloof. Uit daardie hele klomp ongelowiges, het Hy daardie vroutjie uitgetrek, en het Hy gesê, vir haar gesê wat sy gehad het, en gesê: "Jou geloof het jou genees, of, jou gered." Is dit reg?

167 Nou, hoeveel sê hierdie: dat die Bybel, die Nuwe Testament sê dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid? Die Bybel het gesê dat Hy 'n Hoëpriester is, net nou, wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Dis reg. Wel, as Hy

'n Hoëpriester is, as jy Hom op dieselfde manier aangeraak het as wat die vrou het, sou Hy nie dieselfde moes optree as Hy dieselfde is nie?

168 Ons sal dan die gebedsry roep van sommige van die gebedskaartjies af. Laat die Here God . . . As Hy hier sal doen vanaand soos Hy het toe Hy hier op aarde was, hoeveel sal Hom ontvang as julle die bonatuurlike Jesus Christus reg in ons midde sal sien wat dieselfde ding doen? Goed. [Leë kol op band—Red.]

169 . . . gebedsry. Ek gaan julle net laat sit net waar julle is, en glo julle dat, wat ek julle vertel het, die waarheid is. Glo julle net waar julle is. Maak julle soos die vrou gemaak het, die laaste aanhaling wat ek gemaak het.

170 Gisteraand, het ons die mense op die platvorm gehad. Het julle gesien wat die Heilige Gees gedoen het? Dit het julle sondes openbaar, Dit het julle lewe openbaar, en vir julle gesê wat julle gedoen het, en wat julle moet doen.

171 Hier was 'n klein, hulle sê vir my, 'n Finse vroutjie hierbo gewees gisteraand, ek kan nog nie Fins praat nie, ek het haar verstaan, en ek het teruggepraat met haar, en sy het my verstaan. Sien? Die Heilige Gees het haar toe genees terwyl sy net hier op die platvorm gestaan het.

172 Kyk hierbo, kyk na julle koerante oor die ander dele van julle land, hier, regoor . . . Kyk na Kongreslid Upshaw wat daar verlam gelê het vir ses-en-sestig jaar, en 'n visioen het oor die diens gekom, vir hom gesê hy is genees, hy het reguit opgestaan, sy voete geraak en normaal aangegaan. Koning George van Engeland met veelvuldige sklerose, toe ek soontoe gegaan en vir hom gebid het, kon nie eers langer as 'n paar minute op 'n slag sit nie, het die volgende dag, agt-en-twintig putjies golf gespeel. Om en om die wêreld. Hierdie is my vyfde keer om. Glo dat Jesus . . .

173 Laat ons hierdie Skrif neem, ons is laat, so laat ons hierdie Skrif net 'n oomblik neem. Nou sit baie stil, wees eerbiedig.

174 Daar's nie 'n persoon in hierdie gebou wat ek ken, behalwe my eie seun wat hier sit, en Dr. Vayle nie. Ja, verskoon my, ek ken hierdie twee predikers, Mnr. Sweet en Mnr. MacLeod, en dan my vriend, Bert Call aan die agterkant, dis die enigste persoon. Almal wat weet ek is vreemd vir julle, steek julle hande op, en niks weet van julle af nie.

175 Nou, as Jesus dieselfde is gister en tot in ewigheid, en julle . . . Hy nie . . . Hy's daarbuite waar julle is, as julle Hom sal aanraak met julle geloof, dink julle nie Hy kan reguit terugtrek na hierdie kant toe en dieselfde ding sê wat Hy het toe Hy hier op aarde was, as Hy dieselfde is nie? Nou, jy hoef nie na die platvorm toe te kom nie, sit net daar, hê geloof, glo.

176 Nou, elke siek persoon, maak nie saak waar jy is, of wat verkeerd is met jou nie, kyk jy net op na God toe, soos *hierdie*, en sê: "Here God, ek—ek glo dit. Die man haal die Skrif aan."

177 Hoe ons gisteraand deur die Skrifte gegaan het om te wys dat dit presies is wat Hy gesê het Hy nou sou doen. Ons is aan die einde van die Heidense tydperk, was nog nooit deur die tweeduisend jaar, tot nou nie. Hy's klaar met die Heidene, die Kerk is alreeds gevorm, die einde is op hande. Wanneer? Ek weet nie, niemand weet nie, maar dis naby.

178 Nou, hier is ons. Julle is siek. As julle siek is, kyk julle na Hom en raak Hom aan. Nou, dit sou nie help om my aan te raak nie, ek's 'n man, maar raak julle Hom aan, en met die gawe van die Heilige Gees, wat bonatuurlik is, wat hier is, kan Hy aan my openbaar net hier, en reguit uitgaan deur hierdie gehoor, en julle vertel net soos Hy het vir die vrou wat die bloedvloeïng gehad het, as Hy dieselfde is.

179 Nou, gisteraand het ons aan iets anders gewerk, die vrou by die put. Ons werk nou aan die vrou wat Sy kleed aangeraak het, ensovoorts, of soos Filippus, toe hy opgekom het saam met Natánael buite in die gehoor. Julle manne, kyk net, bid, kyk of Hy dieselfde is.

180 Here God, nou is Dit U. U sal nie enigiets U Skrif laat skaad nie. Ek het U gesien toe daar 'n halfmiljoen daar gestaan het in Bombaai, Indië, Hindoes, toordokters, wat probeer uitdaag, en hoe U hulle verlam het, en hoe U daardie volk geskud het.

181 Ons het U in Karlsruhe, Duitsland, gesien. Hoe daardie toordokters gekom het en daardie storm geroep het deur hulle towerspreuke, en hoe, terwyl U daar gestaan het, U 'n wind uit die hemele afgewaai en die storm verjaag het. Twintigduisend wat hardloop na die altaar toe, kommuniste.

182 Hoe U die seuntjie uit die dood uit opgewek het in Finland, wat daar gelê het vir ure, dit twee jaar vertel het voor dit gebeur het. U is God!

183 Laat elkeen vanaand weet, Here, dat U God is, dat hierdie Christus . . . Alle ander godsdienste behalwe Christendom is verkeerd, U is die enigste lewende God. Mohammed is dood en in die graf, boeddha is dood drie-en-twintighonderd jaar gelede, dood en begrawe, maar daar's 'n leë graf in Jerusalem, U het weer opgestaan. Prys U Naam! U lewe vir ewig.

184 En as ek vanaand sterf, is U . . . die getuienis is waar, U het dit bewys deur die miljoene om die wêreld. En nou, het die wetenskaplike wêreld die foto Daarvan, in Duitsland, in die Verenigde State, en die wetenskaplikes het dit ondersoek, en gesê Dis die enigste bonatuurlike Wese wat ooit gefotografeer is. U is God! Laat hierdie gehoor U Teenwoordigheid sien, Here, soos ek myself verneder en myself oorgee aan 'n gawe, die Heilige Gees, mag hulle ook. Want, in Christus' Naam, vra ek dit. Amen.

185 Nou, sal ek in 'n verleentheid gebring word, of God se Woord is verkeerd, as ek . . . God se Woord reg is, dan hou God Sy Woord. Al die prediking, dis alles reg, ons glo dit, maar as God nie Sy Woord hou nie, wat help die prediking? "As julle kan glo!"

186 Sê: "Wat doen jy, Broer Branham?"

Ek kyk, hou dop, kyk wat Hy sal doen.

187 Sien daardie Lig? Bid jy net tot God en sê: "Help my, Here God." Ja. Julle mag julle hoofde oplig. Sien julle dit? Reg bokant hierdie man wat hier sit en kyk na my.

188 Die man ly, wat net hier sit, met sy hemp oop, ek's 'n vreemdeling vir jou, meneer, soort van bejaard. Jy het 'n breuk. As dit reg is, steek jou hand op. Ek ken jou nie, het jou nog nooit gesien nie. Is dit waar? Ek kon dit nie geraai het nie, kon ek, meneer? Dis die waarheid.

189 Glo julle almal? Nou wees eerbiedig. Daardie Lig hang steeds oor die man. Want . . . Party van julle het gedink dit was 'n raaiskoot. Dit was nie. Mag God 'n visioen wys.

190 Ja, ek sien die man, hy het 'n breuk. Sy vrou daar is ook siek. Sy vrou, glo jy God kan vir my sê wat verkeerd is met jou vrou? Sy het hoë bloeddruk en hartprobleme. As dit reg is, steek jou hand op. Jy's nie van hierdie stad nie, jy's van 'n ander stad, Portsmouth. Dis korrek. En jou naam is Mnr. Hudson. Dis reg. Christus lewe, julle is genees, albei van julle. Julle kan huis toe gaan, gesond wees.

191 Wat het hulle aangeraak? Besef julle dat julle in die Teenwoordigheid van God is? Eerbiedig, eerbiedig asseblief. Speel nou nie kerk nie, julle is in die Teenwoordigheid van die Here Jesus.

192 Die man wat reg agter hom sit, het sy kop vir my bly knik 'n paar minute gelede, glo jy God kan vir my jou probleem vertel, meneer? Sal jy Jesus aanvaar en glo dat dit Hy was, nie ek nie? Ek ken jou nie. Maar as Sy Gees in my is, dan sal Hy die werke doen toe Hy in Sy Seun, Christus was. Glo jy dit? Ja, meneer. Dan sal daardie kolitis wat jy gehad het, jy het kolitis gehad, dit sal jou nie meer pla nie. Jou naam is Mnr. Beasley. As jy glo . . . Dis reg. Ja, meneer.

193 Glo julle met julle hele hart? Iewers anders in die gebou.

194 Hier's 'n dame reg agter aan hierdie kant, sy ly aan 'n probleem in haar sy, 'n syprobleem. Sy het nogal 'n donker rok aan, middeljarige vrou, dra bril. Sy het geweldige probleme in haar sy. Die dame is nie van hierdie stad nie, sy's van 'n plek naby die grens van hierdie staat, dis in New Hampshire, dit word Freedom genoem, New Hampshire. Staan op jou voete, dame, as dit waar is. Staan op en aanvaar jou genesing, Jesus Christus maak jou gesond.

195 Wat het sy aangeraak? Sê vir my wat sy aangeraak het. Dit was nie vir my nie. Wat doen sy? Wat doen julle mense? Julle raak die Hoëpriester aan. Hy's in Sy Kerk, aan die werk, om Sy Woord te bevestig. Glo dit . . . Hê geloof in God. "As julle kan glo, is alles moontlik." Wees eerbiedig. Ek kan net sê . . . Nou, almal van julle bo in die balkon, waar julle ook al is, wees net eerbiedig. "As julle kan glo!"

196 Grys-kop dame, wat daar sit met suikersiekte, glo jy Jesus sal jou gesond maak, dame? Jy het toe gebid, laat ek vir jou sê wat jy gebid het: "Here God, laat dit ek wees." As dit reg is, wuif jou hand. Nou, hoe sou ek jou gebed ken? Sien? Dis jou kontak met die Gees van God.

197 Die man, wat daarbuite op die punt sit, het dieselfde ding. Jou naam is Mnr. King. Dis reg. Jy's nie van . . . Jy's van Vermont. Dis reg. SO SPREEK DIE HERE. Dis jou vrou wat langs jou sit, en sy het klierprobleme. Korrek.

Hê geloof in God.

198 Die dame reg agter die dame daar, wat nou daar na my sit en kyk, bid met haar hoof gebuig, wat sê: "Jesus, wees my genadig," sy het artritis, en sy het ook 'n allergie wat haar pla. Glo jy met jou hele hart? Dit sal verby wees. God sal jou gesond maak. Aanvaar jy dit? Goed, meneer. Goed, dan kan jy dit kry.

God wees genadig.

199 Die volgende dame het lae bloeddruk, en sy het ook probleme met haar lewer. Dis reg, is dit nie, dame? Dis reg. Dis alles reg, dis nou verby, gaan huis toe en glo dit.

200 Ver agter aan die agterkant, 'n man wat daaragter sit met sy hoof gebuig, aan die bid, hy het brongitis. Dis reg, dame, raak aan hom en sê vir hom dat die Here God hom genees het. Is Hy nie wonderlik nie, meneer? Jy het dit nie nou nie. Jou keel voel goed, nie waar nie? As dit reg is, staan op jou voete. Ek ken jou nie, ken ek? Het jou nog nooit gesien nie. Maar jou keel is nou reg, Jesus Christus het jou genees.

201 Is Hy lewendig vanaand, gehoor? Glo julle Hom met julle hele hart? Lê julle dan julle hande op mekaar, en laat ons vir julle bid van hier af. Sal julle Hom nou glo dat Hy teenwoordig is? Sit julle hande op mekaar, laat ons saam bid. Bid jy vir die persoon waarop jy jou hand het. As jy siek is . . . Sien, ek kan nie genees nie. Maar laat ek vir julle sê, as ek julle nooit weer in hierdie lewe sien nie, Jesus Christus se Gees is hier in hierdie groepie mense vanaand, wat net presies doen wat Hy gedoen het in die dae van Sy vlees, Hy woon nou in ons vlees, as die Wynstok, of, die loot wat in die Wynstok is. Hy's hier!

202 Daardie man wat daar sit met daardie prostaatprobleem, meneer, dis verby.

203 Daarbo met die tuberkulose, vergeet daarvan, God het jou gesond gemaak.

204 O, dit gebeur net oral. Nou bid soos julle dit in julle kerk doen vir hulle wat langs julle sit. Glo my as ek aan julle bewys het dat Christus nie dood is nie. Hy's lewendig, en Hy's hier in die Geesvorm van die Heilige Gees.

205 Buig nou julle hoofde, laat ons bid. Herhaal julle hierdie gebed, bid julle—julle hierdie gebed wanneer ek dit herhaal, sê julle dit nou hardop:

206 "Almagtige God, Skepper van Hemel en aarde, Outeur van Ewige Lewe, en Gewer van elke goeie gawe, stuur U genade, O God, op my, U dienskneg, ek ly, Here God. Ek glo nou dat Jesus Christus, U Seun, opgestaan het uit die dood tweeduisend jaar gelede, en Hy's hier vanaand in die vorm van die Heilige Gees. Ek glo dat dit Hy is Wat vanaand in my hart spreek en die dinge in my hart bekend maak, en ek aanvaar Hom nou as my Geneesheer. En ek belowe, God, dat ek U sal dien al die dae van my lewe, en my krag sal gebruik tot U eer."

207 Nou, hou net julle hoof gebuig, dis julle—dis julle gebed. Bly ingesluit met God, glo dat Hy nou met julle is, glo dat die werk gedoen word.

208 Daar sal nie een swak persoon in ons midde wees binne 'n minuut of twee as julle dit net sal glo nie. Nou, gaan ek die Here God vra om Satan te beweeg, wat die donker gees is (Daar's 'n Liggees, wat Christus is, die Heilige Gees.), hier, ek gaan Hom vra om dit terug te beweeg, die donker gees van ongeloof of die skaduwees van bygeloof, dat julle uitgebeweeg sal word in die heerlike Lig van Christus in, en Hom sou glo met jou hele hart, en julle genees sal word. Nou, hou aan glo dat Hy naby julle is, terwyl ek God vra om die bose gees van ongeloof te bestraf.

209 Here God, ek maak nou gereed om die stad te verlaat, ek mag dalk nooit weer terugkom nie, ek weet nie, maar ek sal hierdie mense ontmoet by U Oordeelstroon. En as ek sou kom 'n jaar van vandag af, baie is hier, bejaarde mense, sal party van ons weg wees. Here, laat hulle weet deur die Woord en deur die Gees dat U hier is, en dis U groot alomteenwoordigheid, U almagtige, oneindige, alwetenheid, en ek bid, God, dat U die versoek van hierdie mense sal skenk.

210 En help nou, Here, aangesien ons glo dat U hier is om alle twyfel weg te neem, dat die kreupeles kan loop, en die blindes kan sien, of wat nog, wat teenwoordig sou wees, daardie hartprobleme sou stop. Dis U gesindheid teenoor elkeen van hulle om hulle te genees, net soos U hierdie baie het wat genees is hierbinne vanaand. Skenk dit, Here.

211 Help my nou om geloof te hê om twyfel terug te dryf, dat geloof sy plek kan inneem. En geloof sy plek kan inneem, nie op die dryfsand van die mens se teologie nie, maar op die Ewige Rots

van God se ewige Woord, daar neem dit sy posisie en kyk in die gesig van ’n graf en sien Hom Wat gesê het: “Ek is die Opstanding en die Lewe.

212 Satan, ons beveel jou deur Jesus, God se Seun, jy’s net ’n bluf, Jesus Christus het gesterf op Gólgota en jou gestroop van elke wettige krag wat jy gehad het. En die dag is op hande, dat hierdie Heidense Kerk uitgeroep behoort te word, uit Babilon uit, uit verwarring uit. En die groot Heilige Gees is hier vanaand, nie met iets anders nie, maar met dieselfde Gees wat in Jesus Christus was, wat dieselfde werk doen. Satan, jy het hierdie mense vasgehou solank jy hulle kan vashou, ek beveel jou, deur die Teenwoordigheid van die Heilige Gees, in die Naam van Jesus Christus, laat los hierdie mense, kom uit hulle uit, in die Naam van die Here Jesus!

213 Nou, elkeen hierbinne wat siek was, ek gee nie om of jy kreupel, blind was, wat dit ook al is nie, staan op jou voete, wat ook al verkeerd was met jou, as jy glo, staan op jou voete, en julle is net nou genees, in die Naam van Jesus Christus. Staan op julle voete, elke-. . . Daar het julle dit. As jy nie kon opstaan nie, staan op, in elk geval, kom op. Het ’n kreupel arm gehad? Lig hulle op. Luister deur jou ore, jou oë. Almal wat genees is, en wonderbaarlik genees is, wuif julle hande vir God soos *hierdie*.

214 Goed, predikers.

215 Die Here seën julle. Terwyl julle bly staan, julle genesing aanvaar het, gaan ek die diens oorgee aan Broer Sweet net op hierdie tyd. Broer Sweet. En God wees goed vir julle, tot ek julle weer sien.

58-0524 Jesus Van Násaret Gaan Verby
Stad Ouditorium
Concord, New Hampshire V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org